

Goeie dag hier uit die Overvaal Stereo kantoor...

So het daar weer 'n week verby gegaan en dit was een waar ons behoorlik geseënd was wat die reën betref! Ons is stilweg dankbaar.

Ek het laasweek al genoem ek gaan in die nuwe week meer kom skryf oor Melanie von Steen...

Dit is iets wat ons vandag nog kry. "Waar is Melanie".? Dit gebeur sommer so as jy in die aanstap kruideniers koop of nog oor die foon.

Melanie von Steen was nou maar Overvaal Stereo. Ons kan nie ander woorde daarvoor hê nie. Melanie of Mielies soos sy van die lug af bekend gestaan het onder die personeel het vir 23 Jaar hard gewerk by die stasie.

Sy het 1 Februarie 1994 by Overvaal begin werk en het ook vir jare die stasie bestuur. Die stasie het van krag tot krag gegaan onder haar leiding. Ek as luisteraar het die stasie leer ken na Shylo Valley se ma - Elaine van Niekerk ons aan die mooi Afrikaanse klanke bekend gestel het. En die eerste stem wat ek gehoor het was die van Melanie! Snaaks hoe so iets mens by bly né.

Wel ek het niks gemis van Overvaal nie. My radio het net een frekwensie geken, die 96.1fm ene. So het mens die mense daar begin leer ken. Ek glo soos talle van u wat nou hier lees.

Ek was 19 Jaar oud toe die ontslape Johan Malan my een nag bel en vra of ek nie wil kom vir 'n stem toets by die gesogte radio stasie nie... ek het half benoud gegiggel en gesê nee dankie ek probeer vir drama en televisie, weet van radio niks. Weet ek vandag al iets? Ek wonder baie daarvoor!

Na vele moed in praat het ek my cv vir Johan geneem en paar dae later het Melanie se kantoor my gebel, sy wou my sien. Ek sal nooit vergeet watter wrak ek was tydens die rit Viljoenskroon toe van Klerksdorp af nie. Ek kon nie self ry nie, nog nie eers lisensie nie...

Daar aan gekom het my ma hulle buite in die voertuig gewag (soos dit hoort natuurlik) en ek het onseker, bang en benoud **DIE PLEK BINNE GESTAP!**

Ek onthou ek moes lank wag in die sitkamer, of wag so het dit dalk maar net gevoel. En toe kom die opdrag lees nuus, proef lees die nuus, saai uit... ek het healtyd gewonder waar is die Melanie dame dan, hulle het dan vir my gesê sy wil my sien... plaas fokus ek toe maar op die genadelose toets eerder, wat ek moes skryf! Ja jy lees reg, wat ek moes skryf.

En toe sê die kantoor dame, sit, Melanie sal later by u wees. En toe begin die senuwees behoorlik kou en grou. Dit is hier waar Annelie Pretorius toe ewe vriendelik by my en Surita, sy was ook daar vir 'n toets kom sit het en sommer net gemaklik moed in gepraat het. Dankie Annelie, jy sal nie weet wat dit beteken het nie.

En toe, Kom saam my. Ons is na Melanie se kantoor toe en sy het lank gesels met rukke het ek agv die senuwees net mooi NIKS gehoor nie, maar ek het net heelyd onthou ek moet regop sit en my kop knik asof ek niks mis nie. Haha - jy mag maar lag, lag ook.

Hier sit sy, ek onthou die hare ewe netjies gedoen!

En toe kom dit: Aan die einde, as jy jou hare gaan sny, kry jy die werk - DEURNAG skof! En net voor ek loop sê sy, jy het die werk gekry agv jou eerlike persoonlike brief wat geheg was aan jou cv.

Daardie dag het ek geweet waarom ek 12 jaar lekker saam Melanie sou werk, want hoe eerlik moet jy wees om 'n ander se eerlikheid raak te lees, en dit toe te laat om jou te inspireer? Dadelik geweet dit is 'n mens wat mense en hulle drome eerste stel.

Ek weet ek nie die werk gekry oor my stem, my ervaring of my "toets" nie, die het ek met vlieënde vaandels gedruip, maar agv die dame wat drome raak gesien het.

En so het die "wakker akker" snags na 12 begin. En my reis het saam met Melanie begin. Die mense mens.

Melanie die ma van twee, die een wat maar altyd haar personeel eerste gestel het, ons toegelaat het om te wees. Ek het vroeg in my dae saam haar 'n groot les geleer ... laat mense doen waarvan hulle hou en hulle gaan dit waarvan hulle nie baie hou nie met meer oorgawe vir jou doen. Sy het hierdie nooit gesê nie, maar dit is hoe dit was.

Dit het goed gegaan met Overvaal Stereo. Melanie het die span in die regte rigting gelei. Sy het regeer met 'n ysterhand. Maar was nooit 'n diktator nie. Sy het in die ware sin van die woord gaan voorloop.

Alles wat Overvaal Stereo aangepak het, het in goud verander. Maar ook soms onder moeilike omstandighede vir haar as mens. Maar een goue reel dit gaan nooit lug toe nie. Klaar.

Melanie se pa se afsterwe het gekom en dit was 'n swaar tyd in haar lewe - en soos ons almal weet dit verniel mens. Die dood.

Daarna het Melanie boonop siek geword ook nog. En sy was lang rukke buite aksie.

Sy het nie dadelik afgetree nie. Daar het nuwe bestuur gekom, en Melanie was van tyd tot tyd nog op die lug. Maar die siekte wou ook maar nie los nie. En sy het die besluit geneem om te bedank.

Sy het nog lank daarna hier in ons dorp gewoon en het soos ons haar ken, betrokke geraak by die buurtwag, was intendeel die eerste dame wat op die buurtwag gedien het. Ek sal ons middernag kuier op die sirkel in ons voertuie altyd onthou. As die dorp slaap... sommer so in ons voertuie...

Al het Melanie toe nie meer belange by die stasie gehad nie was en is ons steeds met mekaar in noue kontak. En dit sal altyd so wees.

Melanie het bekend gestaan vir die reël van talent kompetisies waar swaar gewigte lank voor die roem deelgeneem en gewen het, Kom ons dink aan Manie Jackson en Ray Dillon. Ook musiekfeeste en 'n eie dameskamp. Sy het ook groot bewondering ingepalm met die aanbied van 'n damestee wat geskrik het vir niks vir 10 jaar lank hier in Viljoenskroon. Hier waar 100de dames opgedaag het om saam te kom kuier en die dame van die jaar aan te wys.

Melanie het dit self baie mooi beskryf, haar tyd om af te tree het gekom, na al die jare was dit tyd. En soos ek dit beskryf het, sy het haar magic gemaak tot op die einde. Al was dit vreemd om 'n Overvaal Stereo in te dink sonder haar het ek geweet, Melanie maak nie 'n besluit as sy nie 100% seker is nie.

En ek was reg... Melanie, aftree, ek kan nie dink nie. Sy het kort daarna verhuis na Nelspruit waar sy tans steeds is. En nee sy sit nie op 'n stoep en drink tee nie.! Sy bestuur 'n gastehuis daar.

En dit gaan goed met haar. Ek het 'n voëltjie hoor fluit sy gaan ook vir 'n ander gemeenskapsradiostasie begin uitsaai. Na soveel jare bly dit iewers in jou bloed en laat los glad nie. Nog 'n bewys hiervan né.

Melanie besoek Viljoenskroon nog gereeld en ek maak seker ek mis haar nie.

Melanie het baie mense in hierdie lewe 'n kans gegee. En daarom wil ek vir haar dankie sê vir elke een se kans, myne ingesluit!

As dit nie vir haar was nie sou ek nie vandag kon uitsaai en my radio droom kon kry nie.

Ek het vir Melanie gevra om kortliks vir julle te skryf en so skryf sy uit Nelspruit :

Wat n voorreg om n bietjie met julle te gesels. Na my seisoen by Overvaal verby was, het ek koers gekry Nelspruit toe waar Vader my geseën het met die lekkerste werk by 'n gastehuis. Ek kry nog steeds geleentheid om die woord te verkondig soos dit nog altyd my roeping is. My pad loop nog steeds met dieselfde fokuspunt. Jesus. Dankie Ig vir die geleentheid. Verlang na julle en bid nog steeds vir Overvaal. Dat die Woord altyd suiwer sal uitgaan. Vra julle om dieselfde te doen. En ek is nou 'n ouma!!! Yipeeeee. Vrede wens ek julle almal toe.

Groete -
Melanie.

Dankie Melanie vir jou bydrae tot Overvaal Stereo. Geniet die fotos wat Melanie vir my gegee het om te plaas onderaan die skrywe.

Ander nuus is:

Ampie du Preez het in Viljoenskroon kom kuier. Hy het Saterdag op die lug 'n draai kom maak en ek en Stéphan het lekker met hom gesels. Ook oor sy nuwe album en die Joost huldeblyk video. Dit was duidelik Ampie het hierdie groet as een van sy loopbaan hoogtepunte beskou.

Die aand was hy in die skoolsaal in aksie te sien. Met die nuwe tegnologie kan julle na die onderhoud gaan kyk op die stasie se facebookblad. Alles net soos dit gebeur het. Dit word nou regtig radio met prentjies.

Die afgelope week het daar weer 'n storie op geduik op facebook oor Klerksdorp. Dit gaan toe oor mense wat gal braak oor 'n instansie van Klerksdorp wat 'n kontrak van die raad gekry het om die Stad in orde te kry.

Dit gaan oor die gras sny in die dorp. Daar was mense wat dankie gesê het en daar was die wat doodluiters gal gebraak het "want hulle word dan betaal".

Is dit waar ons in die lewe met mekaar staan? Dankie sê, is 'n luukse as ons betaal word? Ek persoonlik het groot waardering vir hierdie mense se werk. Die lewe is duur, niemand kan in vandag se lewe verniet 'n hele Stad se gras gaan kort hou nie. Dit is tog logies, maar die feit dat dit gedoen word is wonderlik.

Die kontrakteur(s) word betaal - dit is 'n feit. Ek het dit sommer al vanuit die staanspoor al geweet, maar dit is belangrik om dankie te sê dat iets wel gebeur wat skoonmaak en opruim betref!

Die Stad was besig om te verval in daardie opsig.

Verder moet ek noem dat ons self die Klerksdorp begraafplaas probeer red het, en hard daar gewerk het. Maar soos dit is geen befondsing gehad het nie, en mens dan net tot op 'n punt kon Goeie dag hier uit die Overvaal Stereo kantoor...

So het daar weer 'n week verby gegaan. En was dit een waar ons behoorlik geseënd was, wat die reen betref! Ons is stilweg dankbaar.

Ek het laasweek al genoem ek gaan in die nuwe week meer kom skryf oor Melanie von Steen...

Dit is iets wat ons vandag nog kry. "Waar is Melanie".? Dit gebeur sommer so as jy in die aanstap kruideniers koop of nog oor die foon.

Melanie von Steen was nou maar Overvaal Stereo. Ons kan nie ander woorde daarvoor hê nie. Melanie of Mielies soos sy van die lug af bekend gestaan het onder die personeel het vir 23 Jaar hard gewerk by die stasie.

Sy het 1 Februarie 1994 begin werk by Overvaal. En het ook vir Jare die stasie bestuur. Die stasie het van krag tot krag onder haar bestuur gegaan. Ek as luisteraar het die stasie leer ken na

Shylo Valley se ma - Elaine van Niekerk ons aan die mooi Afrikaanse klanke bekend gestel het. En die eerste stem wat ek gehoor het was die van Melanie.! Snaaks hoe so iets by bly né.

Wel ek het niks gemis van Overvaal nie. My radio het net een frekwensie geken, die 96.1fm ene. So het mens die mense daar begin leer ken. Ek glo soos talle van u wat nou hier lees.

Ek was 19 Jaar oud toe die ontslape Johan Malan my een nag bel en vra wil ek nie kom vir 'n stem toets by die gesogte radio stasie nie... ek het half benoud gegiggel en gesê nee dankie ek probeer vir drama en televisie, weet van radio niks. Weet ei vandag al iets? Ek wonder baie daarvoor!

Na vele moed in praat het ek my cv vir Johann geneem en paar dae later het Melanie se kantoor my gebel sy wou my sien. Ek sal nooit vergeet watse wrak ek was tydens die rit Viljoenskroon toe van Klerksdorp af nie. Ek kon nie self ry nie, nog nie eers lisensie nie...

Daar aan gekom het my ma hulle buite in die voertuig gewag (soos dit hoort natuurlik) en ek het onseker, bang en benoud DIE PLEK BINNE GESTAP!

Ek onthou ek moes lank wag in die sitkamer, ofwag so het dit dalk maar ent gevoel. En toe kom die opdrag lees nuus, proef lees die nuus, saai uit... ek het heelyd gewonder waar is die Melanie dame dan , hulle het dan vir my gesê sy wil sien... plaas fokus ek toe maar op die genadelose toets eerder, wat ek moes skryf! Ja jy lees reg, wat ek moes skryf.

En toe sê die kantoor dame, sit Melanie sal later by u wees. En toe begin die senuwees behoorlik kou en grou. Dit is hier waar Annelie Pretorius toe ewe vriendelik by my en Surita, sy was ook daar vir 'n toets kom sit het en sommer net gemaklik moed in gepraat het. Dankie Annelie, jy sal nie weet wat dit beteken het nie.

En toe kom saam my, ons is na Melanie se kantoor toe en sy het lank gesels met rukke het ek agv die senuwees net mooi NIKS gehoor nie, maar ek het net heelyd onthou ek moet regop sit en my kop knik asof ek niks mis nie. Haha - jy mag maar lag ek lag ook.

Hier sit sy, ek onthou die hare ewe netjies gedoen!

En toe kom dit: Aan die einde, as jy jou hare gaan sny, kry jy die werk - DEURNAG skof! En net voor ek loop sê sy, jy het die werk gekry agv jou eerlike persoonlike brief wat geheg was aan jou cv.

Daardie dag het ek geweet waarom ek 12 jaar lekker saam Melanie sou werk , want hoe eerlik moet jy wees om 'n ander se eerlikheid raak te lees, en dit toe te laat om jou te inspireer? Dadelik geweet dit is 'n mens wat mense en hulle drome eerste stel.

Ek weet ek nie die werk gekry oor my stem, my ervaring of my "toets" nie , die het ek met vaandels gedruip, maar agv die dame wat drome raak gesien het.

En so het die "wakker akker" snags na 12 begin. En my reis het saam met Melanie begin. Die mense mens.

Melanie die ma van twee, die een wat maar altyd haar personeel eerste gestel het. Ons toegelaat het om te wees. Ek het vroeg in my dae saam haar 'n groot les geleer ... laat mense doen waarvan hulle hou en hulle gaan dit waarvan hulle nie baie hou nie met meer oorgawe vir jou doen. Sy het hierdie nooit gesê nie, maar dit is hoe dit was.

Dit het goed gegaan met Overvaal Stereo. Melanie het die span in die regte rigting gelei. Sy het regeer met 'n ysterhand. Maar was nooit 'n diktator nie. Sy het in die sin van die woord gaan voorloop.

Alles wat Overvaal Stereo aangepak het, het in goud verander. Maar ook soms onder moeilike omstandighede vir haar as mens. Maar een goue reel dit gaan nooit lug toe nie. Klaar.

Melanie se pa se afsterwe het gekom en dit was 'n swaar tyd in haar lewe - en soos ons almal weet dit verniel mens. Die dood.

Daarna het Melanie boonop siek geword ook nog. En sy was lang rukke buite aksie.

Sy het nie dadelik af getree nie. Daar het nuwe bestuur gekom, en Melanie was van tyd tot tyd nog op die lug. Maar die siekte wou ook maar nie los nie. En sy het die besluit geneem om te bedank.

Sy het nog lank daarna hier in ons dorp gewoon en het soos ons haar ken betrokke geraak by die buurtwag, was intendeel die eerste dame wat op buurtwag gedien het. Ek sal ons middernag kuier op die sirkel in ons voertuie altyd herroep. As die dorp slaap... somer so in ons voertuie...

Al het Melanie toe nie meer belange by die stasie gehad nie was en is ons steeds met mekaar in noue kontak. En dit sal altyd so wees.

Mekanie het bekend gestaan vir die reel van talente kompetisies waar swaar gewigte lank voor die roem deelgeneem en gewen het, kom ons dink aan Manie Jackson en Ray Dillon. Musiekeeste en 'n eie dameskamp. Sy het ook groot bewondering ingepalm met die aanbied van 'n damestee wat geskrik het vir niks 10 Jaar lank hier in Viljoenskroon waar 100de dames opgedaag het om saam te kom kuier. En met die aanwys van die dame van die jaar.

Melanie het dit self baie mooi beskryf, haar tyd om af te tree het gekom, na al die jare was dit tyd. En het soos ek dit beskryf het, sy het haar magic gemaak tot op die einde. Al was dit vreemd om 'n Overvaal Stereo in te dink sonder haar het ek geweet Melanie maak nie 'n besluit as sy nie 100% seker is nie.

En ek was reg... Melanie af tree ek kan nie dink nie. Sy het kort daarna verhuis na Nelspruit waar sy huidiglik steeds is. En nee sy sit nie op 'n stoep en drink tee nie.! Sy bestuur 'n gastehuis daar.

En dit gaan goed met haar. Ek het 'n voeltjienhoor fluit sy gaan ook vir 'n ander gemeenskaps radio stasie begin uitsaai. Na soveel jare bly dit iewers in jou bloed en laat los glad nie. Nog 'n bewys hiervan né.

Melanie besoek Viljoenskroon nog gereeld en ek maak seker ek mis haar nie.

Melanie het baie mense in hierdie lewe 'n kans gegee. En daarom wil ek vir haar dankie sê vir elke een se kans, myne ingesluit!

As dit nie vir haar was nie sou ek nie vandag kon uitsaai en my radio droom stil kom kry nie.

Ek het vir Melanie gevra om kortliks vir julle te skryf en so skryf sy uit Nelspruit :

Wat n voorreg om n bietjie met julle te gesels. Na my seisoen by Overvaal verby was het ek koers gekry Nelspruit toe waar Vader my geseën het met die lekkerste werk by 'n gastehuis. Ek kry nog steeds geleentheid om die woord te verkondig soos dit nog altyd my roeping is. My pad loop nog steeds met dieselfde fokuspunt. Jesus. Dankie Ig vir die geleentheid. Verlang na julle en bid nog steeds vir Overvaal. Dat die woord altyd suiwer sal uitgaan. Vra julle om dieselfde te doen. En ek is nou 'n ouma Yipeeeee. Vrede wens ek julle almal toe.

Groete -
Melanie.

Dankie Melanie vir jou bydrae tot Overvaal Stereo. Geniet die fotos wat Melanie vir my gegee het om te plaas onderaan die skrywe.

Ander nuus is:

Ampie du Preeze het in Viljoenskroon kom kuier. Hy het Saterdag op die lug 'n draai kom maak en ek en Stēphan het lekker met hom gesels. Ook oor sy nuwe album en die Joost huldeblyk video. Dit was duidelik Ampie het hierdie groot as een van sy loopbaan hoogtepunte beskou.

Die aand was hy in die skool saal in aksie te sien. Met die nuwe tegnologie kan julle na die onderhoud gaan kyk op die stasie se facebookblad. Alles net soos dit gebeur het. Dit word nou regtig radio met prentjies.

Die afgelope week het daar weer 'n storie op geduik op facebook oor Klerksdorp. Dit gaan toe oor mense wat gal braak oor 'n instansie van Klerksdorp wat 'n kontrak van die raad gekry het om die Stad in orde te kry.

Dit gaan oor die gras sny in die dorp. Daar was mense wat dankie gesê het en daar was die wat dood luiters gal gebrak het "want hulle word dan betaal".

Is dit waar ons in die lewe met mekaar staan? Dankie sê is 'n luukse as ons betaal word? Ek persoonlik het groot waardering vir hierdie mense se werk. Die lewe is duur, niemand kan in vandag se lewe verniet 'n hele Stad se gras gaan kort hou nie. Dit is tog logies, maar die feit dat dit gedoen word is wonderlik.

Die kontrakteur(s) word betaal - dit is 'n feit na ekindie feite bietjie na gegaan het. Ek het dit sommer al van die staan spoor al geweet, maar dit is belangrik om dankie te sê dat iets wel gebeur wat skoon maak en opruim betref!

Die Stad was besig om te verval in daardie opsig.

Verder ek moet noem dat ons self die Klerksdorp begraafplaas probeer red het, en hard daar gewerk het. Maar soos dit is geen befondsing gehad het nie, en mens dan net soveel kon doen met wat ons tot ons beskikking gehad het.

Niekie Nel gaan nog steeds daar aan, en die ingang is steeds net so mooi soos hy was, maar as ons 'n kontrak aanvaar het, kon ons soveel meer doen waarby alles en almal kon baat en hier praat ek van Klerksdorp se mense. Ongelukkig het ek nie my weg oop gesien om die raad se voorstel te aanvaar om 'n kontrak met hulle te sluit vir befondsing nie - juis oor hierdie tipe reaksie wat mens kry.

Dankie aan die mense wat die kontrak aanvaar het vir die gras sny van Klerksdorp en dit met trots doen. Daardie meer doen en seker maak dit word op die einde van die dag reg gedoen. Die raad faal, hulle doen dit nie... welgedaan aan die persoon wat dit nou doen.

Ons mense mis die punt te maklik. Voorspoed met julle werk. Ek as inwoners van die Kosh area hoop van harte hierdie reëling bly in plek, dat die Stad van mense tog net met volhoubaarheid netjies gehou word. Dit was een op 'n tyd 'n spog dorp...

Paasnaweek is ophande:

Ouder gewoonte gaan Overvaal Stereo 96.1fm gesluit wees op goeie Vrydag. Ons wens al ons luisteraars 'n geseënde paastyd toe. Ry veilig. Kom veilig terug. Ons weet die paaie is rof en besig elke jaar die tyd.

Baie dankie vir die inloer weereens. Dankie aan die span by GSD wat ons webtuiste weekliks byhou.

Lekker luister en geniet jou langnaweek.

Groete uit die kantoor.



